PRIMÊRE SKOOL JORDANIA
JAARVERSLAG 2021

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
1.	INLEIDING	2
2.	AKADEMIE	2
2.1	Graad R	3
2.2	Grondslagfase	4
2.3	Intermediêre- en Seniorfase	5
3.	ONDERSTEUNINGSENTRUM	5
4.	SPORT	6
4.1	Aletiek	7
4.2	Bergfietsry	7
4.3	Dogtershokkie	8
4.4	Krieket	8
4.5	Landloop	9
4.6	Netbal	9
4.7	Rugby	9
4.8	Seunshokkie	10
4.9	Skaak	10
4.10	Tennis	11
5.	KULTUUR	11
5.1	Eisteddfod	12
5.2	Fotografie	12
5.3	Jorrie Dollas	12
5.4	Koor	12
5.5	Redenaars	13
5.6	Voortrekkers	13
6.	TOEKENNINGS	14
7.	SKOOLGETALLE	15
8.	SKOOLLEIERS	15
9.	KOSHUIS	16
10.	SOSIAAL	16
11.	DISSIPLINE EN WAARDEGEDREWE ONDERWYS	17
12.	OUERBETROKKENHEID	17
13.	PERSONEEL	17
14.	TERREIN, GEBOUE, VOERTUIE EN VEILIGHEID	18
15.	FINANSIES	19
16.	BEHEERLIGGAAM	20
17.	SAMEVATTING	20

1. INLEIDING

Aan die einde van 2021 is dit vir die 10de keer my voorreg om die jaarverslag aan u voor te hou. Vir die tweede jaar in 'n ry is die jaar gekenmerk met verandering, onsekerheid en ontwrigting wat aan die orde van die dag was. Hierdie jaar was die impak van die Covid-pandemie op die skoolprogram kleiner – sekerlik omdat ons beter voorbereid daarop was en die maatreëls ook minder streng was. Ten spyte van die onsekerheid het ons as skool so goed moontlik probeer funksioneer en deur die moeilike tye is daar steeds innoverend te werk gegaan om die jaar 100% af te handel. Ons is ook dankbaar vir God se genadegawes aan ons as skool. Hy bly steeds die Hoof van hierdie skool.

2. AKADEMIE

Die belangrikste saak vir ons hier by Jordania is die akademiese ontwikkeling van elke leerder. Ons skool volg die KABV/CAPS kurrikulum vir Graad R-7 soos deur die Departement van Onderwys voorgeskryf word en het ook hierdie jaar seker gemaak dat die kurrikulum voltooi kon word. Jordania was een van die min skole landswyd wat in die bevoorregte posisie was dat alle leerders die hele jaar elke dag skool kon bywoon. Drie ekstra klaskamers en die nodige meublemement is hiervoor verkry. Addisionele personeel is ook aangestel sodat ons ekstra klasse in grade 5, 6 en 7 kan hê en klasgroottes klein genoeg is om aan die riglyne vir sosiale afstand te voldoen. Dit het gemaak dat die werk 100% gedek kon word vir die jaar en geen kurrikulumaanpassings nodig was nie.

Ons leerders het akademies weer puik gevaar, waarvan ons hoë graadgemiddeldes getuig. Ons slaag- en deurvoersyfer is steeds by verre die beste van enige laerskool in die distrik. Ons eie moderering- en ondersteuningstrukture is in plek en daardeur sorg ons dat ons ons 'n hoë akademiese standaard kan handhaaf.

Ons het hierdie jaar weer 'n hoë akademiese peil hier by die skool gehandhaaf. Die onderwysers het sig- en aanlynwerkswinkels, asook ander opleidingsgeleenthede van die onderwysdepartement en ander organisasies soos die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) en Skoleondersteuningsentrum (SOS) bygewoon.

Ons ondersteuningstelsel is verder uitgebrei deurdat leerders in die verskillende grade addisionele hulp gedurende klastyd asook na skool ontvang het. Ons werk ook, soos in die verlede, saam met verskeie terapeute om die nodige ondersteuning aan ons leerders te verskaf. Opvoedkundige in- en uitstappies was hierdie jaar beperk as

gevolg van die inperkingsregulasies, alhoewel daar vir einde van die jaar 'n aantal beplan word. Ongelukkig het daar ook geen akademiese kompetisies plaasgevind nie.

Ons het ook hierdie jaar 'n Jordania *#Lieflees* projek aangebied met die doel om 'n liefde vir lees te kweek en lees by ons kinders te bevorder. Die Boekeweek se tema was *Staan vas in jou geloof*. Elke kind en onderwyser moes soos 'n Bybelkarakter aantrek en ook iets oor hul gunsteling Bybelkarakter skryf en voorlees. Ons glo dat hierdie leesprogram 'n groot impak op ons kinders gaan hê en sal ons volgende jaar daarmee voortgaan.

2.1 Graad R

Hierdie jaar het Jorrievallei afgeskop met 'n inligtingsaand waar die ouers die onderwyseresse kon leer ken en waar Graad R sake bespreek is. Ons Graad R maats het hul kragte gewys by ons jaarlikse atletiekdag en het hulself oortref. Bakkersdae op Vrydae is altyd vir die Graad R leerders 'n groot bederf. Ons Bakkersdag geld is spandeer op nuwe opvoedkundige speelgoed wat ons deur die jaar kan gebruik.

Die Opedag van Graad R op 21 Mei was 'n groot sukses! Met 'n hele klomp verbeteringe by die speelterrein en badkamers het ons skool 100% uitgestaan. Die program *Wysneusies* het ons kom besoek en die program is op 5 Oktober uitgesaai op *Kyknet&Kie*. Ons dagprogram is vernuwe en dit het op 29 Julie in werking getree en is deur kinders, onderwysers en ouers positief ervaar. Die leerders het die ouers op hul spesiale Vaders- en Moedersdag geleentheid bederf met 'n verrassing wat hulle self gemaak het. Dit was vir die kinders en ouers baie spesiaal. Ons het netbal en rugby geoefen met die vooruitsig vir Jordania se Graad R netbal- en rugbydag, maar dit is ongelukkig afgestel weens Covid-regulasies. *Bee-Bee die By* het ook kom kuier by ons Graad R maats en ons het heerlik saam gesing en geluister na al die temas wat hulle aan ons oorgedra het. Die Gradeplegtigheid en Graad R konsert was 'n pragtige geleentheid en kon ons weereens spog met 'n pragtige Graad R groep. Die tema was "Graad R gaan groot", soortgelyk aan Afrikaans is Groot.

2021 was vir ons 'n baie aangename, suksesvolle maar besige jaar met baie uitdagings wat goed aangepak is.
Angé Nel

2.2 Grondslagfase

Om die boek te herskryf is nie meer iets wat een keer in 'n leeftyd of selfs een keer in 'n lang tyd gebeur nie. Dit word nou op daaglikse basis gedoen. Soos by die res van die skool moes die Grondslagfase ook verander en aanpas om in 'n vreemde tyd steeds die beste vir die skool en leerders te kon doen. Die tyd van Covid is die tyd van eerstes.

Gedurende 2021 was ons Grondslagfase ook dankbaar om voluit te kon terugkeer skool toe, maar die invloed wat 2020 se wisselvallige skoolbywoning gelaat het was sigbaar onder ons leerders en vanuit 'n ondersteuningsoogpunt is ekstra planne gemaak om leerders te help. Klasonderwysers het meer inklusief begin skool hou en na skool didakties aangebied. By elke graad is addisionele hulp vir leerders met uitdagings aangebied deur Mevv. Susan Kruger, Eloïse Kruger-Smit en Madeleine Harris.

Covid het wel 'n stokkie gesteek voor ons normale aktiwiteite soos uitstappies en sportwedstryde, maar dit kon ons nie keer om na ons leerders se fisieke ontwikkeling om te sien nie. Vanaf die begin van 2021 mag ons weer liggaamsopvoeding aangebied het en hierdie jaar is daar ekstra moeite gedoen met die stasies wat vir leerders beplan en uitgepak is om hul vaardighede te ontwikkel en hul kan gewoonlik nie wag vir LO nie. Leerders het dit ook weer baie geniet om terug te kon keer na die Sotho klas waar hulle interaktief met byvoorbeeld poppespel 'n derde taal aangeleer word.

Wat hierdie jaar ook een vir die boeke maak is die groot getal graad een leerders wat by ons ingeskryf is. 135 Graad eens het hul opvoeders op hul tone gehou, maar die vol klasse is as 'n seëning beskou. Ons is ook dankbaar dat ons weer die ouers by die skool kon verwelkom vir die Grondslagfase se toekenningsgeleenthede om te spog met die leerders se harde werk van die jaar en selfs weer per graad twee konsertitems te kan opvoer.

Een van die groot hoogtepunte van 2021 was ons Opedag in Mei wat ook op 'n nuwe manier aangebied is. Dit het ouers en leerders die geleentheid gegee om deur die skool te reis en al die Gr. R en 1 opvoeders te ontmoet. Die dag was 'n groot sukses wat baie goeie terugvoer ontvang het.

Ten spyte van al die lief en leed wat die Grondslagfase hierdie jaar beleef het kan ons steeds met trots terugkyk en sê dat ons slegs ons beste vir ons leerders gedoen het en vorentoe kan kyk met positiewe verwagtinge en opgewondenheid vir 2022.

Nadia de Bruin

2.3 Intermediêre- en Seniorfase

Die akademiese werk in Graad 4-7 het hierdie jaar volstoom voortgegaan weens die feit dat alle leerders elke dag by die skool kon wees. Groot dank vir die Beheerliggaam en Bestuurspan vir hul moeite hiermee.

Leerders het oor die algemeen goed gevaar en leerders wat nie die vereistes vir hul grade behaal het nie was baie min. Dit getuig van harde werk en moeite deur ons personeel. Talle leerders in Graad 4-7 het weer vir diamant-, goud- en silwertoekennings gekwalifiseer. Baie geluk!

Akademiese Toekennings	Diamant (85%+)	Goud (70-84%)	Silwer (60-69%)
Gr 4	34	45	24
Gr 5	32	48	20
Gr 6	23	31	23
Gr 7	19	44	24

Ons het gebruik gemaak van die *Future Fun Caps* onderwysprogram om ons leermateriaal te ondersteun en lesmateriaal meer interessant en effektief aan te wend. Verder is organisasies soos die Afrikaanse Onderwys Netwerk (AON) en die Skoleondersteuningsentrum (SOS) gebruik vir hulp en ondersteuning met betrekking tot die kurrikulum, sodat ons kon verseker dat ons akademiese standaard op peil bly. Ons was ook weer deel van die SOS se *Wolkskool* om ons leerders se leerervaring verder te verryk. Alhoewel daar nie veel uitstappies kon plaasvind nie, het die Brandweer ons besoek om oor brandveilighied met ons leerders te gesels. Uitstappies vir Grade 4 tot 7 word vir die einde van die jaar beplan.

Die personeel van Graad 4-7 word bedank vir hul harde werk deur die jaar, veral in die uitdagende omstandighede wat talle veranderings en aanpassings genoodsaak het.
Elda Louw

3. ONDERSTEUNINGSENTRUM

Gedurende 2021 is meer as 375 kinders deur die Ondersteuningsentrum verwys vir onder meer akademiese hulp, emosionele en fisiese ondersteuning of verwysings na dokters en terapeute. Twee spraakterapeute en twee arbeidsterapeute vorm deel van die Ondersteuningsentrum van Jordania.

Graad 1-3 leerders met akademiese uitdagings, word ondersteun deur of ekstra hulp in die klas of deur 'n ondersteuningsonderwyser. 'n Nuwe inisiatief is begin om Graad 4 tot 7 leerders wat uitdagings ervaar in huistaal, veral wat lees betref, op 'n weeklikse intensiewe ondersteuningsprogram gedurende skoolure in te skakel. Geïdentifiseerde leerders word ook ondersteun met vraestel voltooing, studiemetodes en skrifoefeninge. Leerders wat kwalifiseer vir konsessies, vir ekstra hulp met assesserings, word ook hierby ingereken.

'n Suksesvolle Graad 5-dogters veldtog teen die Menslike Papillomavirus in samewerking met die Departement van Gesondheid is geloods. Die kosblik projek is 'n projek waar die klasonderwyser en klasmamma nou saamwerk om kinders wat pouse kos nodig het, te help.

In die klerebank word goeie tweedehanse klere verkoop. Die klerebank ontvang gereelde skenkings vanaf ouers, soos bv. skoene, baadjies en tasse. Skryfbehoeftes word ook gereeld aan behoeftige leerders uitgegee.

In samewerking met Mellins oogsorg kon al 135 graad 1 leerders vir 'n gratis oogtoets gaan. Lense en 'n raam word dan gratis aan die leerder voorsien indien nodig. Jordania werk ook nou saam met ChangeNetSA deur die insameling van goeie tweedehandse goedere. Hierdie is 'n verdienstelike herwinningsprojek van klere, skoene en speelgoed. Die gemeenskap word direk daardeur opgehef. Helpende Hand skenk elke Januarie 'n aantal skooltassies, deur hul Skooltassieprojek, aan nuwe graad 1 leerders wat 'n behoefte het daaraan.

Jordania se ondersteuningsentrum het weer seker gemaak dat al ons leerders ondersteuning ontvang waar nodig. Baie dankie aan ouers wat ons van hulp was met goedere en dienste sodat ons voluit kon funksioneer.
Carin Botha

4. SPORT

Sport het stadigaan weer begin, alhoewel daar tydens sekere sportseisoene geen oefeninge, wedstryde of kompetisies kon plaasvind nie. Daar was wel wedstryde en byeenkomste vir krieket, tennis, hokkie, landloop, atletiek (klubvlak) en skaak. Ons sportspanne het weer baie goed gevaar. Ons probeer aan kinders se fisiese, geestelike en sosiale ontwikkeling aandag gee met die aanbied van sportaktiwiteite ten opsigte

van aspekte soos spanwerk, deursettingsvermoë en karakterbou. Om hierdie rede probeer ons, waar moontlik, massadeelname aanmoedig sodat soveel moontlik leerders die geleentheid kry om deel te neem en te ontwikkel.

Baie moeite word ook gedoen met leerders wat in sport buite skoolverband uitblink. Daar was ook prestasies in buite sportsoorte soos muurbal, sportskiet, fietsry, perdry, karate, ens. Baie dankie vir ouers en afrigters wat ook in hierdie verband harde werk verrig.

Baie dankie aan elke organiseerder, afrigter, ouer en speler wat baie moeite en tyd by sportsoorte ingesit het wat steeds kon plaasvind. Die onderskeie sportsoorte se verslae kan hier onder gesien word.

4.1 Atletiek

Ons het gedurende 2021 nie `n volledige atletiekseisoen gehad nie, maar ons was bevoorreg om Atletiek te kon oefen asook om ons eie Jorrie-atletiekdag te kon hê. Atlete het weereens op hierdie informele altetiekdag hul staal gewys en `n hele paar nie-amptelike rekords was verbeter. Ons het talle atlete gehad wat die jaar aan die ASA atletiekkompetisies deelgeneem het. Alhoewel sommige atlete deelgeneem hetonder die vaandel van die plaaslike Atletiekklub is ons steeds baie trots op hierdie atlete van ons skool. Ons lewer ook 3 Vrystaat ASA atlete op wat aan Nasionale byeenkomste deelgeneem het. Gedurende die 4de kwartaal het ons weer met atletiekoefeinge begin sodat leerders gereed kan wees vir volgende jaar. `n Super 8 atletiekbyeenkoms word vir later in die jaar beplan waarna die atlete baie uitsien. Ons is voorwaar geseënd met besonderse leerders met groot atletiektalent.

René van Staden

4.2 Bergfietsry

Ons het hierdie jaar met `n nuwe sportsoort by Jordania begin. Bergfiets is `n opwindende sport waar leerders die wiele laat rol oor klippe, berge, sand en heuwels! Die leerders oefen twee keer per week en neem ook aan verskeie wedrenne deur die jaar deel. Ongelukkig het Covid `n stokkie voor die ligabyeenkomste gesteek, maar volgende jaar beoog die Suid-Afrikaanse fietsry organisasie om weer die ligabyeenkomste aan te bied. Leerders het die geleentheid gehad om hierdie jaar aan plaaslike wedrenne deel te neem en het steeds baie goed gevaar. Die leerders geniet hierdie sportsoort ongelooflik baie. Dit is `n avontuurlustige sportsoort waar kinders uithouvermoë leer asook om grond te koop wat nie geld kos nie. Ons sien uit om aan

die Spur liga in 2022 deel te neem. Ons beoog ook om in 2022 'n Jordania fietswedren aan te bied.
Tanya van Niekerk

4.3 Dogtershokkie

Dit was 'n suksesvolle, kort en vinnige hokkieseisoen vir Jordania se hokkiedogters. Jordania het vyf seniorspanne gehad, asook ten minste 3 mini-hokkie spanne per ouderdomsgroep. 'n Groot groep junior dogters het hierdie jaar deelgeneem aan die hokkie en ons was bevoorreg om nie net 'n paar wedstryde te speel nie, maar ook om op Witteberg en NHCB se Astrobane te kon speel. Die dogters het voorwaar hierdie geleenthede baie geniet. Daar was ongelukkig geen formele liga vir ons senior dogters nie, maar daar was geleentheid om aan vriendskaplike wedstryde deel te neem in ons streek. Daar is ook geen provinsiale proewe gehou vir die jaar 2021 nie.
René van Staden

4.4 Krieket

As gevolg van al die COVID-maatreëls het ons hierdie jaar heelwat vroeër begin krieket oefen. Dit was vir die seuns baie lekker om weer met sport te kon begin. Drie spanne is in die o/9, o/11 en o/13 ouderdomsgroepe gekies en almal neem aan ten minste vyf wedstrydbepalings gedurente die vierde kwartaal deel. Daar word sover moontlik twee keer per week geoefen. Een mini-kriekettoernooi het ook plaasgevind.

Thabo Mofutsanyana streeksproewe is gehou en 19 van Jordania se spelers word in hierdie spanne ingesluit – meer as enige ander skool in ons streek. Hulle speel wedstryde teen ander streke in die Vrystaat:
o/13A: Henry Janse van Rensburg, Ethan Helmand, Cobus Labuschagne, Xander Fourie, Grové du Preez
o/13B: WJ Gildenhuys, Hugo van Strijp, Jacques Jordaan, Janco Botha, Kyle Nel
o/11A: Pieter Wessels, Anru Erasmus, Tian Jordaan, Hanco Steyn
o/11B: Freek van den Berg, Louis Uys, Evan Jansen van Vuuren, Juann du Toit, Daniel Harris
Die Vrystaattoernooi word ongelukkig afgestel.
Ons o/13A en B en o/11A en B neem ook aan ander toernooie deel en vaar besonder goed! Hulle wen dan ook die Graanveld Super 12 toernooi. Geen kriekettoere het plaasgevind nie as gevolg van COVID inperkings.
Henro de Bruin

4.5 Landloop

Landloop was nog altyd by die skool aangebied onder Ebarnie Cilliers se *IRUN coaching* akademie. Heelwat kinders stel belang, dus is die groep groot. Die seisoen was baie suksesvol. Atlete moet 4km kan hardloop om te kan deelneem.

15 atlete word vir die Oos-Vrystaatspan gekies. 5 Atlete – Karmi Verster, Ruhan Cilliers, Jandré Esterhuyse, Gerhard Bossert en Emmelize Lamprecht haal die Vrystaatspan. Die SASA en ASA kampieonskappe word ongelukkig gekanselleer.

Vanaf Augustus word daar Landloop vir almal by die skool ook aangebied. Alle kinders is welkom. Daar is 'n groep van tussen 15 en 30 atlete van alle fiksheidsvlakke. Die doel is pret en om leerders met potensiaal te identifiseer, om fiks te word en 'n liefde vir gesond wees en oefen aan te kweek.
Dingena de Klerk

4.6 Netbal

Ons was bevoorreg om hierdie jaar weer netbal te kon speel. Na 2019 was dit duidelik dat die dogters verroes was en het dit baie tyd en aandag geverg om die dogters weer spelgereed te kry. Ons het die baie bekwame Jenni-Lee Delport, wat Menlopark se 1ste netbalspan en die o/19 Proteaspan afrig, gekry om die afrigters weer op te skerp en reg te kry vir die netbalseisoen. Dit was baie leersaam, want sy het eers die mini-netbalafrigters opgeskerp en daarna die senior netbalafrigters.

Ongelukkig het Covid weer toegeslaan en kon geen ligawedstryde plaasvind nie. Later kon daar darem netbalproewe vir die o/12 en o/13 spelers plaasvind. Na afloop van die proewe is Lize van den Berg, Marinellé Oelofse, Kara du Toit en Mia Daacke in die o/12 Oos-Vrystaatspan opgeneem. By die o/13's is Joy Mofokeng en Viola Mkhize in die Oos-Vrystaatspanne opgeneem. Die volgende leerders is na die Vrystaatproewe in die Vrystaatspan opgeneem wat aan die SA's in Boksburg gaan deelneem het:
o/12 – Kara du Toit en Mia Daacke
o/13 – Viola Mkhize.
Ons glo en vertrou dat 2022 ons gaan toelaat om ligawedstryde te speel.
Casper Knoester

4.7 Rugby

Die rugbyseisoen het in volle vaart begin net na die atletiekseisoen verby was en ons was dadelik hard aan die werk met die oefeninge. Die seuns was baie opgewonde om

weer te kon speel en daar was genoeg spelers vir 3 spanne per ouderdomsgroep by die o/9, o/11 en o/13's. Daar was ook 6 mini-rugbyspanne wat geoefen het. As gevolg van Covid inperkings kon geen wedstryde plaasvind nie. Ons jaarlikse Jordania/Witteberg toernooi moes ook afgestel word. Daar was derhalwe ook geen provinsiale toernooie die jaar nie. Ons hoop om volgende jaar weer 'n suksesvolle rugbyseisoen te beleef.
Ben Rheeder

4.8 Seunshokkie

Dit was weereens 'n baie suksesvolle jaar vir die seunshokkie. Jordania het drie seniorspanne gehad en die mini-hokkie het ook baie spelers gehad wat opgedaag het. Ons is ook baie dankbaar vir die ouers wat help afrig het by die junior spanne. Dit het baie goed gegaan met die eerstespan. Die seuns kon 4 vriendskaplike wedstryde speel en hulle wen ook al vier hierdie wedstryde redelik gemaklik. Ongelukkig kon geen formele liga plaasvind nie. Daar is ook geen provinsiale proewe gehou nie.
Casper Knoester

4.9 Skaak

As gevolg van die Covid pandemie het leerders begin om deel te neem aan aanlyntoernooie. Die spelers het oor die algemeen baie goed gevaar. 'n Wedstryd teen TKS word vir November beplan. Wian Steyn behaal 'n 4de plek op die nasionale byeenkoms. Die volgende leerders word in die onderskeie provinsiale spanne ingesluit:

o/10:	Arno Labuschagne
	Wian Steyn
	Marinus van der Merwe
	Ewan Sartain
	Luan Strydom
o/12:	Hanco Steyn
	Ryan Sartain
	Mehan Strydom
o/14:	Sarel van Biljon
	Tria-Mari Strydom

Dit is die meeste leerders nog wat tot die provinsiale spanne verkies is. Ons is baie opgewonde oor die toekoms van skaak by die skool, aangesien ons 'n mooi klompie jong spelers het wat deelneem en goed vaar.
Elda Louw

4.10 Tennis

Tennis kon hierdie jaar voortgaan en onder abnormale omstandighede met oefeninge en wedstryde aangaan. Ons het die jaar 'n totaal van 10 seniorspanne gehad en vyf o/10 spanne. Daar was ook 'n groep beginner- en 6 junior spelers. Dit is die meeste tennisspelers van enige laerskool in die Oos-Vrystaat.

Ons speel verskeie vriendskaplike tenniswedstryde, maar was beperk tot sekere spanne omrede baie skole nie voorbereid was met spanne nie. Die spelers geniet egter die paar wedstryde wat ons kon reël. Gedurende Meimaand neem 16 spelers deel aan die o/11 Inter Afrika toernooi in die dorp en vaar bitter goed. Gedurende September neem 20 spelers deel aan die o/13 Inter Afrika toernooi. Drie van hierdie 4 spanne eindig in die finaal, 'n eerste vir Jordania. Die Dogters 1ste span wen die A-afdeling. Die seuns en dogters 2de spanne eindig albei tweede in die B-afdeling, alhoewel albei spanne teen 1ste spanne moes meeding in die finaal.

Ook in Septembermaand speel ons Dogters 1ste span in Bloemfontein by die *BNP Paribas Rising Star* Toernooi. Uitgekose skole van oor die hele Vrystaat speel hier. Ons dogters dring deur na die finaal en na skitterende wedstryde verloor hul teen Oranje A in 'n valbylpot.

Jordania se tennis eindig op 'n hoogtepunt en skryf ons die meeste spelers in die hele Oos-Vrystaat in vir Oos-Vrystaat proewe wat einde Oktober plaasvind.

Ons sien uit na volgende jaar, waar ons tennis net nog beter kan vaar op verskeie terreine. Ons spelers is positief oor Jordania se tennis en ons het die jaar weereens besef ons het baie diepte in ons spanne.
Carli van Schoor

5. KULTUUR

Ons poog om by die skool 'n goeie balans tussen aktiwiteite te handhaaf en moedig ook ons leerders aan om aan kultuuraktiwiteite deel te neem. Ten spyte van die inperking is daar geleentheid gewees vir talle van ons leerders om aanlyn aan aktiwiteite deel te neem. Ons leerders het dan ook soos gewoonlik baie goed gevaar in kultuuraktiwiteite.

Talle leerders neem deel aan eksterne kompetisies soos Radikaal en vaar puik. Leonelle van Niekerk behaal 'n 1ste plek nasionaal vir English Poetry. Van ons leerders het ook hul Unisa klavier musiekeksamens geslaag. Ons leerders neem ook graag aan

kultuuraktiwiteite buite skoolverband deel, bv. dans, kuns, musiek soos kitaar, blokfluit, ens., waarin baie van hulle uitstekend presteer. Baie dankie aan almal wat steeds betrokke was by die die organisering van kultuuraktiwiteite by die skool. 'n Opsomming van die onderskeie aktiwiteite is as volg:

5.1 Eisteddfod

Ons leerders het onlangs aan die Harrismith Eisteddfod deelgeneem en baie goed gevaar in verskeie afdelings naamlik kuns, klavier, musiek, dans en Afrikaanse en Engelse prosa en poësie, asook gedramatiseerde prosa en poësie. Baie geluk en dankie ook aan alle persone wat as afrigters en beamptes opgetree het. 'n Totaal van 38A++ toekennings is in verskeie afdelings behaal. Verder is 48A, 17A, 6B+ en 4B toekenning behaal. Vier leerders, naamlik Lené Labuschagne, Anieke Prinsloo, Hylet Ungerer en Heiken Venter het merietesertifikate ontvang. Zané Wessels ontvang 'n hartstoekenning vir uitsonderlike prestasie ontvang.

Tanya van Niekerk

5.2 Fotografie

Die skool bied tweeweekliks fotografielesse aan. Dit word aangebied deur plaaslike fotograwe, naamlik mev. Marelize Bosman en mnr. Johan van der Merwe. Leerders leer algemene beginsels en tegnieke van fotografie en die gebruik van 'n kamera of slimfoon om foto's te neem asook hoe om digitale redigering van foto's te kan doen. Ons aspirant-fotograwe vind die lesse baie leersaam en geniet hulself terdeë.

Elda Louw

5.3 Jorrie Dollas

Die Jorrie Dans Dollas het hierdie jaar, behalwe dans en beweging, ook ander lekker en interessante dinge geleer en gedoen. Hulle het meer geleer oor die korrekte aanwending van grimering, etiket en hoe 'n jong dame moet praat, aantrek, loop, sit en eet. Die korrekte liggaamshouding, asook persoonlike higiëne, 'n positiewe selfbeeld en hoe om altyd met selfvertroue op te tree was ook op die spyskaart. Die Dollas het ook lyndanse van gewilde liedjies aangeleer.

Angé Nel

5.4 Koor

Die junior- en seniorkore kon eers in die 3de kwartaal begin oefen weens die streng Covid-regulasies wat vir kooroefeninge en –optredes gegeld het. Derhalwe kon daar ongelukkig geen optredes plaasvind nie en leerders het net lekker informeel gesing

tydens oefeninge. Leerders het solank aan liedjies gewerk vir moontlike optredes gedurende 2022.
Tanya van Niekerk en Christa Groenewald

5.5 Redenaars

Die redenaars het hierdie jaar weer goed gevaar en die skool verteenwoordig by verskeie geleenthede. By ons skool se Interne Redenaarskompetisie is Danielle Venter, Lize Joubert en Zané Wessels in hulle verskillende kategorieë as wenners aangewys. Twaalf leerders het na die Vrystaat rondte van die Radikale Redenaars deurgedring wat op 'n aanlynplatform gehou is. Zané Wessels behaal 'n 3de plek in Tweetalige redenaars.

Verskeie van ons leerders vanaf Graad 1 tot 7 het aan die Super 8 Redenaarskompetisie deelgeneem in Bedfordview by Leeuwenhof Privaatskool. Heiken Venter, Pieter Wessels en Milé Bezuidenhout het elk 'n tweede plek verower. Ons skool het 'n algehele 4de plek verower. Ons het hierdie jaar weer in groot getalle aan die Senekal Redenaarsfees deelgeneem en verskeie toekennings in die onderskeie lokale gekry. Tydens die OppieTongAf redenaarskompetisie het drie leerders plekke by die nasionale kompetisie behaal. Van ons leerders het ook aan die Podiumpret kompetsie deelgeneem en goed gevaar.

Die temas vir volgende jaar se ATKV-kompetisie is reeds bekend en ons sien uit daarna om weer na ons redenaars se toesprake te kan luister.
Rosa Smith

5.6 Voortrekkers

Alhoewel ons getalle gedaal het in die afgelope twee jaar, gaan dit nog steeds baie goed met die kommando. Ons het net oor die 80 lede en sal graag weer in die toekoms by 'n 100 leerders wil uitkom. Ons het nuwe planne en aktiwiteite vir elke jaar om te verseker dat dit nooit vervelig is by die kommando nie. Deur die jaar werk Jordania Kommando as span saam om sekere kennis op te doen. Hier leer ons hulle van noodhulp, jouself, bietjie geskiedenis en nog baie meer, maar die lekkerste van alles is dat dit altyd met pret gepaard gaan.

Daar is aan die volgende kampe deelgeneem:
Ruiterkunsnaweek: Die kinders werk aan die ruiterkuns kenteken, wat almal dan ook aan die einde van die naweek verwerf het.

GGN kamp: Die Graad R-7 leerders het lekker te Heilbron gaan kamp die naweek van 7-9 April. Elke graad het 'n ander spesalisasie gedoen, naamlik:

- Gr.R-1 Lekker sing en Ek weet
- Gr.2 Veldkook en Dierewaarneming
- Gr.3 Handwerk en die Kok
- Gr.4 Gasheer/vrou en Dierekennis
- Gr.5 Godsdiens en Boeresport
- Gr.6 Anglo-Boereoorlog
- Gr.7 Afrikanerkind

Gr.7 PD Voorslag Toetskamp: Voortrekkers van oor die hele Vrystaat kamp vir 'n naweek op Doornkloof waar verskeie aspekte van hulle kennis, wat oor die jare geleer is, getoets word.

Doornkloof kampe: Daar is 4 kampe met elk hul onderskeie temas, naamlik:

- Gr.4 Doornkamp – Groot Trek en Noodhulp
- Gr.5 Klitgras – Varswaterdiere en Weerkennis
- Gr.6 Murgpyp – Seremonies en Beeldende kunste
- Gr.7 Avontuurkamp – Veldbewustheid

Linda Heyns

6. TOEKENNINGS

Ons was bevoorreg om weer hierdie jaar toekenningsgeleenthede vir ons leerders te kon hou. Daar is drie geleenthede gewees: vir Graad R, Graad 1-3 en Graad 4-7 onderskeidelik. Ons het weer die formaat gebruik waar alle leerders in Graad R-3 'n sertifikaat ontvang. Dit is dan ook met 'n konsertvertoning deur elke klas opgevolg. Vir Graad 4-7 is slegs leerders wat uitsonderlike prestasies in akademie, sport en kultuur behaal het na die toekenningsaand genooi. Ons het ook besluit om nie al die toptoekennings hierdie jaar te gee nie, aangesien talle aktiwiteite nie volledig kon plaasvind nie. Dit was baie aangenaam dat ouers dit ook weer kon bywoon. Die volgende toptoekennings is wel gemaak:

Dux leerder:	Tria-Mari Strydom
Kultuurdogter:	Leonelle van Niekerk
Kultuurseun:	Heiken Venter
Veelsydigheid – Dogter:	Zané Wessels
Veelsydigheid – Seun:	Cobus Labuschagne

Baie geluk aan al ons leerders wat toekennings ontvang het. Ons is baie trots op al ons leerders en wat hulle bereik het.

7. SKOOLGETALLE

Die skoolgetalle is effens beïnvloed deurdat daar ouers van sowat 15 leerders besluit het om hulle te laat tuisskool, asook die feit dat ouers moes verhuis weens werksomstandighede. Ons het ook heelwat leerder bygekry vanaf ander skole wat na Bethlehem verhuis het. Die getalle het redelik konstant gebly behalwe in enkele grade waar daar 'n aantal plekke beskikbaar is. Die leerdergetalle per graad staan tans as volg:

- Graad R: 110
- Graad 1: 135
- Graad 2: 100
- Graad 3: 115
- Graad 4: 105
- Graad 5: 105
- Graad 6: 94
- Graad 7: 104
- Totaal: 868

Vanaf 2021 is daar 4 klasse elk in Grade R, 4, 5, 6 en 7. Grade 1, 2 en 3 bestaan uit 5 klasse per graad. So kan ons die leerdergetal per klas so laag as moontlik hou. As gevolg hiervan kon ons sosiale afstand in die klaskamers verseker en was ons skool in die bevoorregte posisie om alle leerders deur die jaar by die skool te kon hê.

8. SKOOLLEIERS

Gedurende 2021 is 'n splinternuwe leierontwikkelings- en verkiesingsbeleid in werking gestel. Dit behels dat alle Graad 7 leerders hulself as leiers van die skool beskikbaar kan stel. Die meerderheid van die Graad 7 leerders het hieraan deelgeneem en is in 4 Jorrierade, naamlik terrein-, snoepie-, veiligheids- en mediaraad ingedeel. Die Leerderraad, wat uit 10 seuns en 10 dogters bestaan, is in Julie verkies. Hulle het by ander bedrywighede betrokke geraak soos Onderwysersdag, die skoolhoof se verjaardag en 'n fondsinsameling vir 'n toestel wat gesuiwerde water aan al die leerders kan verskaf. Die leerderraad het uit die volgende leerders bestaan:

Dogters	**Seuns**
Zané Wessels – Hoofdogter	Cobus Labuschagne – Hoofseun
Juané Loubser – Onderhoofdogter	Manie Botha – Onderhoofseun
Martinique Grobler	Michiel Heyns
Emmelize Lamprecht	Henry Janse van Rensburg

Maret Leimecke	Jacques Jordaan
Arné Maritz	Ruan Lombaard
Nicke Mienie	Ruan Pieterse
Lodine Muller	Stephan Uys
Zanique Opperman	Sarel van Biljon
Tria-Mari Strydom	Hugo van Strijp

Die stelsel het baie goed gewerk omdat meer leerders die geleentheid gekry het om hul leierskapsvaardighede te ontwikkel. Ons het ook baie goeie terugvoer van ouers, leerders en personeel ontvang. Met 'n paar geringe aanpassings sal ons in die toekoms voortgaan met hierdie praktyk. 'n Graad 6 leierkamp word vir begin Desember beplan waar leieridentifisering kan plaasvind met die oog op volgende jaar se leierontwikkeling.

9. KOSHUIS

Ons is baie trots op ons koshuisleerders wat 'n groot bydrae hier by die skool lewer. Die koshuis was deur die jaar tot kapasiteit toe gevul en leerders het die koshuislewe weer baie geniet. Ten spyte van die afstand vanaf die huis en die verlange wat daar soms is, leer ons koshuiskinders vroeg reeds om selfstandig te wees en vaar hulle oor die algemeen baie goed in alle afdelings van die skool. Die volgende leerders was koshuisleiers en het hul goed van hul taak gekwyt:

Dogters	**Seuns**
Angelique van der Merwe	Stephan Uys
Carli Strauss	Sarel van Biljon

Vanaf Maartmaand het ons nuwe koshuisouers gekry, mnr. en me. Van Huyssteen, wat onmiddellik hul merk gemaak het en hul eiesoortige stempel op die koshuis en in die kinders se lewens afgedruk het. Baie dankie aan hulle en die ander diensdoenende koshuispersoneel wat positief bydra tot die leerders se lewens. Ons bedank ook vir mnr. en me. Truter vir hul insette by die koshuis in hul bykans 9 jaar as koshuisouers.

10. SOSIAAL

Om met ander persone te kan kommunikeer en oor die weg te kom is 'n allernoodsaaklike vaardigheid. Ons probeer aandag skenk aan die totale ontwikkeling van al ons leerders. Hierdie jaar se sosiale aktiwiteite was weereens gering. Ons het wel skool so lekker moontlik probeer maak deur spesiale dae waar leerders soos hul gunsteling karakters kon aantrek. 'n Speletjiesaand kon ook plaasvind wat die leerders

baie geniet het. Kinders leer sosiale vaardighede aan deur middel van sosiale aksies en situasies waarin met ander oor die weg gekom mket word. Ons sal hopelik volgende jaar weer meer aan leerders se sosiale vaardighede kan aandag gee.

11. DISSIPLINE EN WAARDEGEDREWE ONDERWYS

Ons jaartema was: *"Bewaak jou hart"*. Vir ons was dit nodig om die leerders toe te rus met die regte waardes, veral met die gebeure en veranderinge die afgelope 18 maande. Gemeenskapsprojekte wat ons ondersteun het was die *DBV*-insameling, *Santa Shoebox* in samewerking met die *Round Table* en Bloedskenk saam met die SA Nasionale Bloeddiens. So het ons leerders en ouers steeds die geleentheid gekry om 'n verskil in die wêreld te maak. 'n Baie suksesvolle teen-boelie veldtog is gehou om leerders bewus te maak van die tekens en gevare van boelie en hoe om op te tree in sulke situasies. Dit het plaasgevind in die vorm van inligtingsessies aan ouers en leerders, sowel as aktiwiteite en 'n plakkaatkompetisie. Ons het deurentyd baie min ernstige dissiplinêre probleme gehad en oor die algemeen was leerders se gedrag goed. Daar is natuurlik altyd ruimte vir verbetering. Daarom sal ons aanhou met ons waardesprogram omdat ons glo dat ons 'n verskil in elke kind se lewe kan maak, deurdat ons positiewe gesindheid en gedrag daardeur bevorder.

12. OUERBETROKKENHEID

Geleenthede vir fisiese ouerbetrokkenheid was die afgelope twee jaar maar yl gesaai. Ons is egter baie dankbaar vir die geleenthede wat daar wel was. Dit is tog lekker om mekaar partykeer te siene te kry. Baie dankie aan elke ouer, wat ten spyte van inperkingsregulasies, steeds 100% agter die skool gestaan het. Baie dankie dat u u kind op 'n positiewe wyse ondersteun het rakende aspekte soos skoolwerk en buitemuurse bedrywighede. Baie dankie aan elke ouer wat op 'n positiewe wyse tot die skool se sukses bygedra het deur fondsinsamelingsgeleenthede te ondersteun, donasies te gee, te organiseer, te ondersteun en tyd af te staan om van hulp te wees by die verskillende aktiwiteite.

13. PERSONEEL

Tans bestaan ons personeelkorps uit 'n totaal van 59 persone. Die samestelling is as volg:

- Onderwyspersoneel – 38 (22 ten volle, 3 gedeeltelik deur FSDOE)
- Assistent onderwyspersoneel – 6
- Administrasie personeel – 4 (1 deur FSDOE)
- Terreinpersoneel – 11 (2 deur FSDOE)

25 van ons personeel word ten volle deur die Vrystaat Departement van Onderwys (FSDOE) verged en 3 word gedeeltelik deur hulle vergoed. Die ander 31 persone word deur die Beheerliggaam self betaal. Verder is daar ook 'n hele aantal persone wat op kontrakbasis dienste soos arbeidsterapie, spraakterapie, nasorg, lees en sportafrigting by die skool aanbied.

Die personeelsamestelling het 'n aantal veranderinge getoon. Me. Riza Fourie (Graad 1), me. Liska Wessels (Wiskunde Graad 5) en mnr. Ruan Wessels (Engels Graad 6) het as onderwysers by ons aangesluit. Die nuwe personeel het sommer gou deel van die Jorrie-familie geword.

Gedurende die jaar is me. Elda Louw bevorder tot adjunkhoof. 'n Posisie wat sy reeds haar eie gemaak het deur 'n leidende bydrae by die skool te maak. Aan die begin van die jaar het mnr. Juan Truter (Trot) ons verlaat en besluit om sy eie onderneming te begin. Me. Emmie Viviers het 'n pos in Kimberley aanvaar om nader aan haar verloofde te wees. Gelukkig kon me. Susan Badenhorst ons vir die laaste kwartaal kom uithelp. Me. Erika Knobel was vir 'n tyd, sedert Meimaand, siek as gevolg van langtermyn Covid-gevolge. Me. Nadia Stuart het vir haar ingestaan. Aan die einde van hierdie jaar groet ons vir me. Izette Redelinghuys. Me. Dina-Mari Botha verlaat ons ook. Sy het 'n assistent pos te Ficksburg aanvaar. Aanstellings vir 2022 is reeds in hierdie persone se plekke gemaak sodat die akademiese program gereed kan wees in Januarie.

Ons is trots op ons personeel se werk. Hulle wil net die beste vir ons kinders hê. Baie dankie aan elke personeellid vir julle insette om van hierdie 'n 100%-skool te maak.

14. TERREIN, GEBOUE, VOERTUIE EN VEILIGHEID

Ons is baie trots op ons netjiese geboue en terrein en probeer dit altyd so hou. Die skoolgeboue en terrein is in 'n goeie toestand deurdat daar gereelde onderhoud gedoen word. Verbeterings en opknappings is ook aan die skoolgeboue en terrein gedoen sodat dit vir leerders en personeel doelmatig is.

Waar nodig is klaskamers geverf, stoepafdakke vervang, plaveisel aangelê en tuine verfraai. Een klas is vergroot en drie kantore is verbeter vir die adjunkhoof, departementshoofde en terapeute. Volgens Covid-regulasies word die geboue en klaskamers steeds elke dag skoongemaak en ontsmet. Nuwe tel- en naamborde is by die skool se sportvelde opgerig wat sommer spoggerig lyk. Die Graad R terrein is

verfraai met tuine, plaveisel, verf van speelapparaat en nuwe apparaat. Dit lyk nou sommer pragtig! Dubbelbanke is na enkelbanke verander, terwyl nuwe enkelbanke en stoele en ander meublement aangekoop is om in die vraag na meer klasse te voldoen en dat alle leerders by 'n enkelbank en stoel kan sit – soos wat Covid-regulasies vereis.

Ons skoolvoertuie is die afgelope 18 maande maar min gebruik. Alle voertuie is steeds in 'n goeie toestand en word elke jaar padwaardig gehou. Voetoorgange en parkeerstrepe word ook jaarliks geverf vir beter sigbaarheid.

Alle personeel het vroeër in die jaar noodhulpopleiding ontvang. Daar word ook kwartaallikse veiligheidsinspeksies van die terrein deur die veiligheidskomitee onderneem. Die skool se noodplan is ook ingeoefen om vir enige gebeurlikheid reg te wees. Ons leerders se veiligheid is vir ons baie belangrik en ons sal sorg dat die terrein en voertuie deurgaans veilig en gerieflik vir hulle is.

Waar nodig en moontlik, sal uitbreidings ook in die toekoms gedoen word. Baie dankie aan die Beheerliggaam en spesifiek die terreinpersoneel, onder leiding van mnr. Ben van den Berg, vir hul volgehoue insette in hierdie verband.

15. FINANSIES

Na afloop van die massiewe impak van verlede jaar se harde inperkingstyd het die ekonomie stadigaan begin herstel en het ons hierdie jaar die impak daarvan minder gevoel. Finansies is altyd 'n netelige saak, maar ons moet besef dat ons ook nie daarsonder kan klaarkom nie.

Ongelukkig is dit so dat kwaliteit opleiding geld kos en ek dink almal weet al dat ons as skool baie min finansiële ondersteuning vanaf die onderwysdepartement ontvang. Om al ons uitgawes te dek is ons grootliks aangewese op die betaling van skoolfonds van ouers. Op hierdie punt wil ek vir Jordania se ouers 'n klop op die skouer gee – ouers wat steeds hul bes probeer het om skoolfonds te betaal. Dit getuig van die 100% ouerkorps wat ons het.

Ongelukkig is dit ook so dat ons amper 1 miljoen rand se slegte skuld het, en dan reken ek nie eers die vrystelling op skoolgelde wat ons moes toestaan in nie, soos deur wetgewing bepaal. Weereens baie dankie aan al ons ouers wat in moeilike finansiële omstandighede hul skoolfonds getrou betaal het. Deur effektiewe besparingsmaatreëls,

sowel as deeglike beplanning, fondsinsamelings en gesonde finansiële strukture kon ons dit steeds regkry om all noodsaaklike uitgawes en dienste vir die jaar te betaal.

Ek doen 'n beroep op ouers om ook volgende jaar voort te gaan om die skool in hierdie saak te ondersteun. Baie dankie ook aan elke ouer wat 'n bydrae gelewer het rakende skenkings, fondsinsamelings en ander projekte. Dit word opreg waardeer. Dit is die enigste manier hoe ons kwaliteitonderrig aan ons kinders kan verskaf en ons ons standaarde hoog kan hou. Jordania is in elk geval een van die mees bekostigbare skole van sy soort – landswyd, met inagneming van klasgroottes, akademiese standaard, fasiliteite, dienste, aktiwiteite en prestasies. (Doen maar gerus u navorsing.)

Baie dankie aan die Beheerliggaam, finansiële komitee en personeel wat ons fondse oordeelkundig aanwend.

16. BEHEERLIGGAAM

Gedurende Maart het Beheerliggaamverkiesings landwyd plaasgevind. 'n Nuwe Beheerliggaam is verkies onder leiding van mnr. Rudi Janse van Vuuren. Hulle het reeds groot werk gedurende die jaar verrig, soms in baie moeilike omstandighede. Dit is 'n voorreg om sulke bekwame persone by die skool betrokke te kan hê wat hulp, raad en leiding op verskillende gebiede kan verskaf, o.m. finansies, aanstellings, instandhouding, regsake, fondsinsamelings, sport, kultuur, ens. Baie dankie vir die tyd wat u aan die skool afstaan. Ons sien uit na die res van die drie-jaar termyn wat voorlê.

17. SAMEVATTING

Dit was weer 'n deurmekaar jaar. Een van verandering en teleurstellings. Ek dink ons het geleer om daarmee saam te leef – om iets op te gee of uit te stel.

By Jordania is ons steeds trots op die totale opvoedingsproduk wat ons aan leerders kan verskaf. Deur deursettingsvermoë, kreatiwiteit en innovering kon ons steeds ons standaard van onderwys en opvoeding so hoog moontlik hou deur gehalte onderrig aan elke leerder te verskaf. Die jarelange beginsel wat ons by die skool uitleef, dat ons elke dag ons beste moet lewer, het bygedra daartoe dat ons pro-aktief planne kon beraam tot voordeel van ons kinders.

Ons uiteindelike doelwit sal altyd wees om die toon aan te gee wat onderwys in die provinsie betref. Jordania bly een van die topskole in die provinsie en onder die

voorlopers betreffende Afrikaanse onderwys in die land! Ons fokus moet steeds wees om 'n instelling van uitnemendheid te bly, ten spyte daarvan dat die wêreld op sy kop gekeer is.

Ek sluit af met die woorde van Will Smith: "*The road to success is through commitment.*" By Jordania sal ons altyd toegewyd wees om 'n 100% gesindheid na te streef in wat ons doen. Om 'n skool te bou wat kwaliteit opleiding en opvoeding nastreef om sodoende 'n toekoms vir ons kinders te help bou, sal altyd ons missie wees.

DR. ANDRÉ SMITH – SKOOLHOOF